
GELOOF FAITH

In Die Woord In The Word

Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17



Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411
WEBSITE: www.stangerchristiancentre.com E-MAIL:stangerchristiancentre@gmail.com

JESUS –
Die Lam van God

PAASFEES of PASGA, hierdie jaar 17-24 April, (Lev. 23 vers 5-6) word ook genoem die "Seisoen van Vrymaking en die Seisoen van Vreugde." Albei hierdie benamings hou natuurlik verband met die Hebreërs se verlossing uit Egipte gedurende die maand Nisan. **Dis baie belangrik** dat jy Ex. 12:1 – 14:43- 48 lees.

Kom ons nou by die opdragte wat God daardie eerste PAASFEES of PASGA aan die Hebreërs gegee het toe Hy hulle uit die slawerny van Egipte gelei het.

1. Elke man moes vir sy huisgesin 'n lam neem op die 10 de van die maand Nisan. Dit moes 'n lam wees sonder gebrek [Ex. 12:3 – 5].
2. Hierdie lam moes vir 5 dae bewaar word waartydens daar seker gemaak is dat hy sonder gebrek was – hy moes deeglik ondersoek word [Ex. 12:6].
3. Op die 14 de Nisan moes hierdie lam by die deurpos geslag word: verkieslik om 3 nm sodat dit teen 6 nm [die aanvang van die 15 de] geëet was [Ex. 12:6].
4. Hierdie bloed moes opgevang word by die deurpos en die bloed moes gestryk word aan die bo – pos en die twee sy – poste van die deur.

M.a.w die hele ingang tot die huis moes bedek wees met die bloed van die lam [Ex. 12:7].

Die huisgesin moes dan deur hierdie deurpos gaan binne – in die huis, waar hulle beskerm was teen die doodsengel wat deur die land sou trek. Wanneer die doodsengel die bloed sien, sal hy daar VERBYGAAN [PASS-OVER] [Ex. 12:13].

Die hele lam moes gebraai en geëet word: niks mag oorgebly het vir die volgende dag nie [Ex. 12:8 – 10].

In die voorbereiding van die lam, mag geen van sy bene gebreek word nie [Ex. 12:46]. Om 'n lam te kon braai volgens hierdie voorskrifte, was dit nodig om 'n lam aan 'n spit te plaas sodat die liggaam oopgesprei kon wees: Die spit sou noodwendig in die vorm van 'n kruis wees.

Geen onbesnede persoon kon aan die Pasga deelneem nie [Ex. 12:48]. Besnyding was die uiterlike teken dat hierdie persoon in God se verbond is – 'n bloedverbond. Hy was nou ook geregtig op die voordele van die verbond.

Nadat die tempel in Jerusalem gebou was het die mense die lammers na die tempel gebring en daar geslag i.p.v. by hulle eie deurposte. Nog later het die Leviete lammers geteel in Jerusalem en hulle dan tydens Pasga verkoop aan diegene wat opgekom het om die fees te hou.

'n Laaste gedagte hier is dat die PAASFEES ook 'n tyd was van groot vreugde en aanbidding en lof aan God. Die Leviete het die feesgangers gelei om die psalms van Dawid te sing [bv. Ps. 113 tot Ps. 118]. Baie musiekinstrumente is gebruik: trompette, harpe, fluite, tamboeryne, simbale.

Nou kom ons by *die wonderlikste aspek* van hierdie fees, nl. HOEDAT JESUS DIT IN DIE FYNSTE BESONDERHEDE VERVUL HET AS DIE

(Vervolg op Bl. 2)

(Vervolg vanaf Bl. 1 - Jesus—DIE LAM VAN GOD ...)

VLEKLOSE LAM VAN GOD! Johannes sê:

Daar is die Lam van God wat die sondes van die wêreld wegneem! [Joh. 1:29]

Kom ons hanteer dit weer in nommer volgorde.

Op die 9 de Nisan het Jesus na Betanië gegaan [Joh. 12:1] en Jerusalem binnegegaan op die 10 de Nisan [Joh. 12:12 – 13].

Die godsdienstige leiers van Israel het 5 dae lank vir Jesus as't ware "ondersoek" deur vrae en kruisvrae, en uiteindelik het die goewerneur Pontius Pilatus die volgende oor Jesus gesê: **... sodat julle kan weet dat ek in Hom geen skuld vind nie [Joh. 19.:4].** Lees ook Matt. 21:23 – 27 en Matt. 23.

Jesus Christus was gekruisig op 14 Nisan. Hy is om 9 vm. aan die kruis genael en het die middag om 3 uur gesterf [Mark. 15: 25].

'n Interessante feit is hier dat daar ongeveer 256,500 lammers in Jerusalem geslag was die jaar toe Jesus gekruisig is. Omdat daar so baie lammers was, was dit nodig vir die Jode om reeds 9 vm. te begin om hulle voor te berei vir slagting op die 14 de Nisan. Toe is hulle geslag om 3 nm sodat die Pasga voltooi kon wees VOOR 6 nm, wanneer die nuwe dag in aanvang sou neem.

Die bloed van die dier wat gevloei het en aan die deurposte en koesyn gesmeer was, kon slegs die volk se SONDE BEDEK en red van 'n fisiese dood. Die Bloed van Jesus NEEM DIE SONDE HEELTEMAL WEG en red van die geestelike dood.

1 Pet. 1:18-21: ... omdat julle weet dat julle nie deur verganklike dinge, silwer of goud, losgekoop is uit julle ydele lewenswandel wat deur die vaders oorgelewer is nie,

maar deur die kosbare Bloed van Christus, soos van 'n lam sonder gebrek en vlekkeloos,

wat wel vooruit geken is voor die grondlegging van die wêreld, maar in hierdie laaste tye geopenbaar is om julle ontwil, julle wat deur Hom glo in God wat Hom uit die dode opgewek en Hom heerlikheid gegee het, sodat julle geloof en hoop op God kan wees.

Jesus het Homself TOTAAL oorgegee om vernietig te word deur die vure van die oordeel van God toe Hy aan die kruis vir ons sondes gesterf het.

Gewoonlik word 'n gekruisigde se bene net onder die knieë gebreek met 'n yster staaf om die dood te bespoedig wat voor 6 nm moes plaasvind, sodat die "lyk" van die kruis afgehaal kon word, anders sou daar volgens die Joodse geloof 'n vloek op die land kom. Maar nie een van Jesus se bene is gebreek nie. **Joh. 19:31 – 33: En dat die liggame nie op die Sabbat aan die kruis sou bly nie, aangesien dit die voorbereiding was – want die dag van daardie Sabbat was groot – het die Jode Pilatus gevra dat hulle bene gebreek en hulle weggeneem moes word.**

Die soldate het toe gekom en die bene van die eerste een gebreek en van die ander een wat saam met Hom gekruisig was; maar toe hulle by Jesus kom en sien dat Hy al dood was, het hulle Sy bene nie gebreek nie.

Let ook op dat Jesus aan die kruis "oopgespalk" was net soos die paaslam op die spit.

Toe die tyd nader gekom het dat Jesus moes sterf, het Hy opsetlik Sy program en persoonlike aktiwiteite gereël rondom die gebeurtenisse wat geassosieer word met die uitkies, voorbereiding en slagting van die paaslam. Op hierdie wyse sou die Joodse mense daartoe in staat wees om te verstaan WIE HY WAS: hulle PAASLAM, hulle Messias. Jesus was bestem om gekruisig te word in die presiese maand, op die presiese dag en uur waarop die Jode die paaslammers vir bykans 1,500 jaar gehanteer het tydens hulle PASGA. Vir my persoonlik 'n heerlike Goddelike Wonderwerk!

Diegene van ons lesers wat bekend is met die inhoud van ons boekie DIE NAGMAAL EN GENESING weet ook dat die presiese gebeure van Jesus se dood reeds honderde jare gelede in die Ou Testament voorspel is – lees maar net Jes. 53 [bogemelde boekie gee volle besonderhede]. En hiermee word ook weereens die WONDER EN GODDELIKEHEID VAN DIE BYBEL bevestig. Wat die Bybel só uniek en goddelik maak, is die feit dat 'n derde van die Bybel uit profesieë bestaan en dat byna AL die in detail vervul is, en daarom kan ons verseker wees dat die RES ook in detail vervul sal word.

Volgens berekeninge het 'n profesie in soveel detail een uit 100,000 kanse om vervul te word na honderde jare. Vir meer as 4 of 5 profesieë om in soveel detail vervul te word is die kanse meer as een uit 'n miljoen. Dink vir jouself hoe infinitief die kanse was vir dosyne profesieë wat vervul is met Jesus se Lewe en Kruisiging.

Geen ander godsdiens wat bestaan het hierdie unieke GODDELIKE BETRAGTINGE nie, nl. die VERVULLING VAN PROFESIEË nie, en dit sluit in Islam, Hindoeïsme, Boeddhisme, om maar net 'n paar te noem.

[Lees ons boekie: **WAAROM DIE BYBEL DIE ENIGSTE WOORD VAN GOD IS**]. *

THE MIRACLE OF ISRAEL

Jewish history shows that there is a divine plan for humanity, and that the Jews have been chosen to play a very important part in this drama.

The mere fact that Jews have survived as a race after decades of the most vicious persecution, shows that there is Someone who is not only in charge, but who has also written their role in the unfolding of history!

Jewish history is unique and miraculous, and the following seven patterns that are shown throughout the history of the Jews don't make logical sense unless you realise that God Himself is watching over the Jewish people!

First of all the Jewish nation is eternal, forever established. God said that He was establishing a covenant forever, and this aspect is found in Deuteronomy, Jeremiah and Isaiah – the Jews will always be here.

The prophets tell us that the Lord says, "even when I punish you I will not utterly destroy you." He speaks of the remnant who will remain as a testimony to His covenant with the Jews in Ezekial 6:8: **"Yet I will leave a remnant, so that you may have some who escape the sword among the nations, when you are scattered through the countries."** In spite of God's judgements towards His disobedient people, they will never be totally destroyed, a remnant will always be preserved to keep alive the testimony of divine truth. (See also Isaiah 1:9 and Isaiah 10:20-23).

Even though it is the natural inclination of foreigners to be assimilated into the nation in which they live, especially when they are in the minority, and although Jews may try to become like everyone else, they will never be able to do so! GOD DOES NOT WANT JEWS TO BECOME LIKE EVERYONE ELSE! God says of the Jews in Exodus 19:6: **"And you shall be to M a kingdom of priests and a holy nation."**

No other nation has kept alive their culture and values, doing exactly what their forefathers did, even when living in other countries surrounded by different cultures and values.

There is no way out for the Jews – even if they forget or try to forget that they're Jewish, even if they are not brought up in the Jewish faith and know nothing about Judaism or the Bible, they will never be able to get away from the fact that they are Jewish – someone will always remind them! They can have plastic surgery, change their surname, but they will always be Jewish! The German Jews were more German than the Germans, but still they remained Jews.

The Jews will always be – as long as the world exists.

Secondly we have the concept of the wandering Jew. It is strange that we never hear of a wandering Italian or Chinese, for example! The Jews will be scattered throughout the earth.

In Leviticus the Lord says: **"I will scatter you to the four corners of the earth."** During Jewish prayers the four corners of the tallith, or prayer shawl, are brought together to symbolise the Lord bringing the Jewish people home in peace from the four corners of the world.

He also says that the Jews will have an unusual history. Other people have been homeless and have assimilated themselves into together countries and cultures, but the Jews in the Diaspora (living in other countries) have survived against all odds and remain unique to this day.

There is a strong feeling of connection, of family, amongst the Jews throughout the world. For example it has been said that when a Jew in Odessa is suffering, a Jew in Paris cannot sleep!

Jerusalem is the very centre of Judaism, and has a very strong emotional meaning for the Jews. When Jews gather together for a meal in America, for example, they say "Next year in Jerusalem", and many of the poorest Jews save all their lives to at least be able to be buried in the ancient Jewish cemetery at the foot of the Mount of Olives.

Psalm 137:4-6 says: **"How shall we sing the LORD'S song in a foreign land? If I forget you, O Jerusalem, let my right hand forget its skill! If I do not remember you, let my tongue cling to the roof of my mouth – if I do not exalt Jerusalem above my chief joy."**

The Jews throughout the world collect money for Israel in the United Jewish appeal. When, for example, have you ever heard of the Poles who live in America saying "Next year we'll be back in Warsaw", or of the "United Polish Appeal", where the Americans of Polish descent send money to build up the land they left to find a new life in America?

The third pattern that we have seen over the years is that the Jews are not loved and respected

(Continued on Pg 4)

(Continued from page 3 - The miracle of Israel)

in the communities in which they live, and God says in His Word that not only will the Jews never disappear, but that they will be hated in every society in which they live. Anti-Semitism is predicted in the Bible – there will be no respite, no rest, they will live in constant suspense and fear, they will suffer and be hated as no other nation. The intensity and university of hatred for the Jews is unequalled – other peoples experience hatred, but it is not as intense as anti-Semitism. Hitler and Stalin and one thing in common, hey both hated the Jews.

We see in history how the Jews were expelled from every country in which they tried to settle – they were expelled from England in 1290, France in 1306, Hungary in 1349, Austria in 1421, Luthuania in 1445, Spain in 1492, and Portugal in 1498.

Why? What have Jews done to the world?

In Eastern Europe, to start with, the Jews were only allowed to be money-lenders, they were criticised for doing such a disgusting job! Afterwards they were allowed to do a few other jobs but then they were abused for being too clever! In Russian the Jews were not allowed in Moscow, or to go to university, they had to live in special settlements. Most American Jews come from Russia.

The Czechs said the Jews were too germanic, the Germans said the Jews would never be German! In 1942 The Final Solution was signed in Germany, by a group of professional men (doctors, lawyers etc.) who were trying to work out how to destroy the Jews as economically as possible! Why such hatred?

There is also the blood libel against the Jews, where it was said in mediaeval times, and is even believed by some anti-Semites today, that the Jews use the blood of Christian children in their rituals!

There are 613 laws in the Torah, and only one is repeated five times: "Do not touch the blood, for the life is in the blood." (Gen. 9:4; Lev. 3:17; Lev. 7:27; Deut. 15:23; Lev 17:10-11). Also there is the question of kosher meat – the Jew is sensitive to the pain of the animal, which has to be killed instantaneously and then drained of blood, to honour the Law. So we see that it is particularly wicked to accuse the Jews of doing something they are so sensitive about and that they would never do. Judaism is the only religion that has been blamed for killing the Son of God! This is why Easter was always a popular time to kill Jews!

The Pagans, the Christians, the Muslims, the French revolutionaries, the Socialists, the Communists and the Nazis each hated the Jews in turn.

We see in the first three patterns of Jewish history that the Jews will always be, that they will be scattered and that they will be hated, now we find in pattern number four that they're not going to live quietly somewhere, minding their own business, but they will become a light to the nations, a kingdom of priests and the teachers of humanity!

It simply does not make sense that those who are hated and despised will teach mankind! How can you influence the world if the world doesn't want you around? In Exodus 19:6 the Lord says: **"And you shall be to Me a kingdom of priests and a holy nation"**, and in Isaiah 60:3 He says: **"The Gentiles shall come to your light, and kings to the brightness of your rising."** The Jews make up 0.2% of the worlds population, but have contributed to at least 50% of the greatest inventions and discoveries of mankind eg. Einstein, in maths and science. Daily New Agricultural techniques and discussions are made.

The story of the Jews is somewhat contradictory. As we have seen, the Jews have been hated and persecuted throughout history, but there are also those who have shown nothing but admiration for the Jew and for his contribution to mankind.

In 1808, John Adam, president of the USA, said: "Jews are the most glorious nation who have ever inhabited the earth. They have given religion to three-quarters of the earth. They have influenced the affairs of mankind more than any other nation, ancient or modern."

Mark Twain, in his famous essay of 1899, says: "The Egyptian, the Babylonion, the Persian, they rose, filled the planet with sound and splendour, and then they faded to dream stuff and passed away. The Greek and the Roman followed, made a vast noise and they're gone. Other peoples have sprung up and set their torch high for a time, but it burnt out. The Jew saw them all, beat them all, and is now what he always was; exhibiting no infirmities of age, no weakening of his parts, no slowing of his energies, no dulling of his alertness and aggressive mind. All things are mortal but the Jew. All other forces pass but the Jew remains forever. What is the secret of his immortality?"

Leo Tolstoi wrote his essay "What is a Jew" in the midst of horrendous persecution of the Jews in czarist Russia: "Let us see what kind of a peculiar creature a Jew is, which all the rulers and all the nations have together and separately abused and molested, oppressed and persecuted, trampled

(Continued on page 5)

(Continued from page 4 - The miracle of Israel….)
and butchered, burned and hanged, and, in spite of all this, he's still alive! What is a Jew? A Jew is a sacred being who has brought down from heaven the everlasting fire and he has illuminated with it the entire world. The Jew gave the Christian, Jesus and the New Testament which is an eternal gift. The Jew is the pioneer of civilisation, the Jew is the emblem of morality, the Jew is the emblem of eternity. Such a nation cannot be destroyed. The Jew is as everlasting as eternity itself." These definitions are echoed by the Creator.

It does not make sense that the Jews have affected the whole world and yet they've been universally persecuted over the ages! Their influence on civilisation has certainly not been because of their large population – the total number of Jews in the world is about 14 million, the largest number ever being 16,7 million in 1941 before the holocaust had taken its toll. Jews form 0,2% of the total world population! It is amazing that such a small percentage of the world's population has affected civilisation to such an extent. Many constitutions are based n the Law of God found in the Torah. In fact, we hear more about Jews than any other nation, even than those with much larger populations. It is predicted in the Bible that the Jews will never be a majority – this is the fifth pattern seen in Jewish history. In Deuteronomy the Lord says: "You will always be a tiny minority among the nations."

The sixth enigma is that they will be scattered for thousands of years, but will never forget their homeland. They are a unique nation that will never forget that they have a homeland, Israel, and a holy city, Jerusalem, given to them by God. There is a mysterious connection or relationship between the Jews as a people, and Israel, a piece of real estate, which is seen nowhere else in the world! Thirteen times in the Torah, God promises to bring the Jews back to a land flowing with milk and honey, the land He gave to their forefathers. Exodus 3:8 says: "So I have come down to deliver them out of the hand of the Egyptians, and to bring them up out of that land to a good and large land, to a land flowing with mild and honey…."

In the first century, the historian Josephus describes Israel's great fertility and beauty. Here was a land that just produced with hardly any effort. Every inch was cultivated by the inhabitants, no land went to waste.

God says in Deuteronomy and Leviticus that when the Jews are forced to leave the land of Israel, the land will be "lonely" and unfruitful. The land will refuse to perform for the enemies of Israel who take over the land, and they will be amazed at its desolation. This was true from the year 70 when the Romans conquered Jerusalem and Israel until 1948 when the Jews returned to the state of Israel – the Jews had to come back for the land to blossom, until then the land would be dead! There is a mysterious quality to the land that the Lord gave to the descendants of Abraham, Isaac and Jacob – it is almost as though it went to sleep until the Jews came back! Even the land works for God and His people alone! In 1867 Mark Twain visited Israel and spoke f the total desolation of the land, where even the cacti were dead!

The seventh part of the miracle of Jewish history reached fulfilment in 1948 when the state of Israel was formed, and Scripture's prediction was fulfilled – thousands of years ago God promised to bring the Jews home from the four corners of the earth – more numerous and prosperous than before. Now the land would blossom as before. In Deuteronomy 30 the Jews are told that they will settle in their own land, and in Isaiah 43:19-21 the Lord says: **"… I will even make a road in the wilderness and rivers in the desert …… to give drink to My people, My chosen. This people I have formed for Myself; they shall declare My praise."** Also read Isaiah 66:7-13, where the Lord speaks of the return of His people to Jerusalem and a nation being born in one day.

It is amazing to see a people returning to a land after two thousand years, having kept their culture intact after all this time. In fact, the prophets of old would probably feel quite at home in Israel today, where the age-old customs are still followed! This return to the land by a people following the same Law, is unprecedented in history. No nation has ever disappeared and then come back to their homeland and established a state. The Jews believe in miracles. 3700 Years ago when God appeared to Abraham, He set something in motion, and everything that God promised the Jewish people has come to pass. He said that there will come a day when the nation will stop fighting and the "would and the lamb shall feed together" (Isaiah 65:25) God said it, and we must believe it!

1948 Was three years after the Jews left the concentration camps, and then many had to be smuggled into Israel illegally during those three years while the British were in charge. It is now 54 years later and a most incredible miracle has taken place – we must not take this for granted! Israel is

(Continued on page 6)

(Continued from page 5 - The miracle of Israel….)

a young country – people from 120 different nations and different languages, many of whom had survived the horror of the holocaust, came together and formed a state together in the land of Israel! The 1977 copy of the London Economist declared Israel a first world country according to the World Bank, along with Britain, Germany, Switzerland, etc. and the International Monetary Fund in 1999 stated that Israel's economy was rated 23rd in the world (this is after five wars, being hated, surrounded by enemies, and having no natural resources!) A few years ago Israel was on the same level as Great Britain as far as income per capita is concerned. We see Israel selling tulips to Holland, computers to Japan and weapons to America! Israel has the best army in the world – the Israelis literally came straight from the concentration camps and picked up a gun to fight for their homeland!

Why have Jews always been persecuted? First of all the Jew has always been a scapegoat – man seems to need someone to blame when things go wrong. Also there could be an element of jealousy, as the Jew is generally clever, hardworking and successful professionally and economically. There is also the matter of no-one liking a policeman, or someone who tells you that you are wrong! If you want to be a light in the world and generally make a difference, you will bother people, which is bound to lead to being hated and persecuted. It is not really possible to "make friends and influence people" as the Dale Carnegie book is entitled! If you go with the flow you will make friends, but if you make a stand, tell people that they are worshipping the wrong god, and try and make a moral impact, you may influence people to either accept the truth of God's word, or to hate you because they do not want to be challenged! The Jews say "There is only one Master", and with this they raise a moral issue which makes the ungodly uncomfortable. Hitler had to get rid of the Jews because of the moral issue they raised – in fact it is said that even when he was losing the war in 1944, he chose to send more Jews to the concentration camps instead of taking over Europe. Gadaffi started with the Jews, then went after America. Terrorists start with the Jews, then go on to other nation, eg. the recent attacks on America.

We must watch the way Jews are treated. The Jews are a good litmus tests, for example the Soviets hated the Jews, their country fell apart and their economy was virtually destroyed. Remember that in Zechariah 2:8 the Lord says: **"For thus says the Lord of hosts: He sent Me after glory, to the nations which plunder you: for he who touched you touches the apple of His eye."** Also Numbers 24:9b says of Israel: **"Blessed is he who blesses you, and cursed is he who curses you."**

Anti-Semites always start with the Jews, but they don't stop there. Pastor Niemoller, who suffered for his faith in God, said: "First they came for the Jews, I did not protest, I was not a Jew; then they came for the communists, I did not protest, I was not a communist; then they came for the gypsies, I did not protest, I was not a gypsy; then they came for the homosexuals, I did not fight, I was not a homosexual; then they came for me – there was nobody left to fight!"

We see that the history of the Jews is indeed miraculous, that they are and always will be God's chosen people because of His covenant with them, that there will always be a remnant to influence the world, and that Israel and Jerusalem were given to the Jews by God Himself. They are still here, in spite of all odds, speaking the same language, practising the same religion and living by the same moral code. We also that see that God blesses those who bless the Jews, and that those who curse them are cursed. We are told in the word of God to pray for the peace of Jerusalem that it may go well with us, and to pray that Israel becomes the praise of the nations. Let us all be obedient and do so!

(With acknowledgement to cassette tape, The miracle of Jewish history by Rabbi Feldman)

Ed. Note: It is interesting to note that Jerusalem is not mentioned once in the Koran, nor is Palestine. Makes you think doesn't it? *

KENNISGEWING

Ons het 'n lys beskikbaar van boeke en Cd's met hul pryse. Indien u meer inligting verlang oor wat beskikbaar is of 'n bestelling wil plaas, kontak ons asseblief sodat ons die lys na u kan faks of E-pos. Dit het ook volledige inligting hoe om 'n bestelling te plaas, bank inligting ens. Ons E-pos adres is: stangerchristiancentre@gmail.com en ons faks nommer is: 032:5525411. Ons het ook 'n internet adres en dit is: www.stangerchristiancentre.com, u kan al ons boeke daarop sien en hulle kosteloos aflaai.

Ons Bankbesonderhede is: Stanger Christian Sentrum, Eerste Nasionale Bank, Rek. No 53730091667, Tal Kode: 220129, Stanger.



UIT DR JAMES SE KANTOOR

Geliefdes in Jesus,

Dit is waarlik onverklaarbaar hoe God vanaf die begin van die mensdom so standvastig en vertroubaar was, deur Sy Woord en die hele toekoms van die mensdom vooruit bevestig deur profesieë nl. 5000 – 6000 en hoe Hy ons die versekering gegee het dat Hy Homself sal bewys deur die profesie waar Hy herhaaldelik bevestig deur die woorde: "Ek vertel dit nou sodat wanneer dit gebeur sal julle weet dat ek God is." Verder sê Hy: "Sal ek dit sê en nie doen nie?" In geen ander godsdiens is daar enige profesieë wat hulle God kan bevestig nie. Hy vertel die mense van die tyd in die Ou Testament wat Hy van hulle verwag, en verwag absolute gehoorsaamheid en dan vertel Hy ons van 'n Nuwe Verbond wat Hy aan die mensdom sal skenk deur Sy Enige Bore Seun wat die onbegryplike prys sal betaal deur Sy Bloed (sondes) en Sy Liggaam (siektes) vir die wêreld wat hierdie verbond sal sluit met God deur Sy opdragte na te kom is gehoorsaamheid. Hierdie opdragte is saamgevat in Markus hoofstuk 16 (lees gerus vanaf vers 15) nl. om te glo dat Jesus die prys betaal het (die goeie nuus). Die doop (onderdompeling) van diè wat geglo het (vers 16: **Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word**) en die mag wat aan ons gegee is in die Naam van Jesus oor die demoniese magte van die wêreld, nl. die krag met die doping in Heilige Gees en al die nodige gawes van die Heilige Gees om in die stryd te oorwin. En dan die wonderlike belofte oor die genesing van siekes. Die aand voordat Jesus gekruisig is, het Hy ons gemaan om dikwels hierdie ewige waarhede in herinnering te bring, nl. Sy Liggaam wat vir ons gebreek was en Sy Bloed wat vir ons verlossing en vergifnis betaal het.

Elke gelowig word deur God gemaan om hierdie feite aan die ganse mensdom bekend te maak. Dit is my vraag, doen ons dit wat Jesus beveel het of is ons soos diè wat Jesus na verwys het toe Hy gesê het "julle noem my Here, Here en julle doen nie wat ek sê nie. As julle My lief het sal julle my opdragte nakom." Die tyd is min, maar daar is altyd nog tyd om siele vir sy Koninkryk in te samel. Ons moet volhard!

Baie, baie dankie vir al julle liefde en ondersteuning. Mag die Here julle baie ryklik seën. Ons bid vir julle

Baie liefde groete

Dr James

TRANSFORMASIE EN OORWINNING DEUR NA JESUS TE KYK

Die grootste wonderwerk wat Petrus ondervind het het een nag gebeur toe hy op Jesus se woord uit sy boot, in die middel van 'n storm, geklim het. Die wind was stormagtig en die golwe onstuimig. Maar solank Petrus sy oë op Jesus gehou het, het hy die onmoontlike gedoen – hy het op die water geloop.

Jesus het op die water geloop, en toe Petrus na Jesus gekyk het, het hy soos Jesus geword en die bo-natuurlike gedoen. God se Woord verklaar dat as "ons almal met onbedekte gesig soos in 'n spieël die heerlikheid van die Here aanskou, word ons van gedaante verander na dieselfde beeld, van heerlikheid tot heerlikheid, as deur die Here wat die Gees is" (2 Kor.3:18)

Geliefde, wanneer jy jou fokus op Jesus hou, word jy na Sy beeld verander van heerlikheid tot heerlikheid. Jy word verander deur te sien en nie deur te werk nie. Wanneer jy sien dat Jesus groter as die storms in jou lewe is, sal jy maklik bokant daardie storms uitstyg.

Dus in plaas van om te kyk na hoe onoorkomelik jou omstandighede en uitdagings is, draai weg daarvan en hou jou oë op Jesus. Dit mag onprakties klink, maar dit is die kragtigste ding wat jy kan doen en Jesus sal veroorsaak dat jy oor elke storm in jou lewe heers!

Amen en Amen! Wees Geseënd!

Ons God van wonderwerke……Briewe wat getuig van die Here se goedheid en getrouheid

Dierbare Dr James, Tannie Meg en u gebed span!

Dit is so ‘n groot wonder werk wat ons familie beleef het die naweek! En aan ons Jesus, al die eer en lof en aanbidding kom HOM toe! GOD is in beheer, HY is almagtig en HY is getrou.

‘n Paar maande gelede het ek u geskakel en gevra om assebliefvir my suster se dogter, Janine en haar man Cobus in gebed te tree want sy wou so graag swanger raak. Die dr’s by wie hulle was het toetse gedoen en gesê dat sy nie swanger sou word nie. Hulle was hartverskeurend, maar ons as familie het gebid en vas gehou aan JESUS se beloftes!

Sy het so pas uitgevind dat sy swanger is! Dit was ‘n dag van lag en huil toe hulle ons die goeie nuus meedeel. By Ons God is NIKS, maar NIKS onmoontlik nie! Mag dit almal bemoedig wat opkyk na ons dierbare, liefdevolle Vader, dat HY in beheer is, en dat gebed krag het.

Liefde in Christus, Martie Pretorius

Dis met ‘n dankbare hart dat ek die brief aan u rig. Van jaar was die 20ste jaar dat ek met borskanker gediagnoseer was. U het vir my in 1993 gebid en ek was Oktober 2013 Tygerberg hospitaal toe vir alle toetse. Ek het gister my brief ontvang dat daar na 20 jaar nog geen fout is nie. Ek is die Here so dankbaar want dit kon al so anders gewees het. Deur Jesus wonde het daar regtig vir my genesing gekom. Ek dank en loof Hom altyd deur. Ek wil u en die gebed span so uit die diepte van my hart bedank omdat u so intree vir alle mense wat siekte en probleme het. Die Here seën u ryklik.

A Maddens, Grabouw

Geliefdes

Baie, baie dankie vir julle voorbidding. Ek het nou net gehoor dat ek 'n wonderlike nuwe woonstel kan kry en trek DV 1 April daar in. Dis veilig, stil en rustig daar. God het wonderlik voorsien. Nou nog net Pieter en Annelise se werk, dan is ek regtig die gelukkigste mens wat lewe. Baie liefde

Ralie

My mother called about two weeks ago and spoke with David. She asked for prayer and agreement for her health and excessive bleeding of the her stomach. The next day after the call the bleeding stopped, glory to God. She is also filled with strength and doing well.

Thank you for the prayer and agreement with us. Praise God.

Althea van Wyk

Hy het ons krankhede op Hom geneem, en Hy het ons siektes gedra. Nadat ek voorbidding gevra het, het ek aanhou bid, ek het my geloof en vertroue in die Here geplaas. Al die lof, prys, eer en aanbidding kom die Here toe. Dankie aan u en u span vir die gebede. Seën groete vir u en die span.

Dr James en Span, twee weke gelede het ek die kantoor geskakel en voorbidding gevra vir my linker enkel en voet wat blou rooi begin raak het en opgeswel het. Wonderbaarlik! Die Here het my genees, want Hy sê in Sy Woord, deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom.

Martin Pienaar, Knysna

Liewe Dr James en Span,

Prys en Loof ons Vader, hy is onbeskryflik, aan Sy Liefde is daar geen einde! Die sonar wys geen bloedklonte in my been, die are is oop en ook geen ontsteking.Baie baie dankie vir julle gebede en liefde.Mag Vader julle ryklik seen.

Baie liefde in Christu, Mara Huisman.

Dankie vir al julle gebedes, ek het so twee weke gelede gevra dat julle saam met ons bid vir Bets Sigworth van Krugersdorp. Sy het velkanker laat verwyder op haar wang en sy was die 10de Februarie vir toetse volmaak genees, geen verder behandeling nodig nie.

Ons groot geneesheer het klaar alles gedoen. Nogmaals dankie dat julle altyd so gewillig luister. God se seën bid ek julle toe.

Mev A Kruger, Fauresmith